# BWAV NUUSFLITS

## NO 1 VAN 2015

**NEEM ASSEBLIEF KENNIS:**

**Algemene Jaarvergadering**:

Die Algemene Jaarvergadering sal plaasvind op dv.5 Februarie 2016 te Panorama Gastehuis om 18h30. Kontantkroeg is beskikbaar na die vergadering en ligte verversings word voorsien.

**Verslae:**

Voorsitter-, Toegewyde jagter-, Versamelaar- en die finansiële verslae lê ter insae by die kantoor vanaf 25 - 29 Januarie 2016.

**Verkiesing van Bestuur**

Die volgende poste is weens die rotasie beleid vakant:

Voorsitter van die Versamelaars komitee – Tans Charles Bresler

Sekretaris – Tans Daleen Rautenbach

Nominasie vorms en Volmag vorms is by die kantoor op aanvraag beskikbaar. Alle nominasies en volmag vorms moet voor of op 3 Februarie by die kantoor ingehandig wees. U kan dit ook per e-pos stuur na: bosveldwapenenammunisie@gmail.com.

Die notule van die Algemene Jaarvergadering 2015 en die Agenda sal Januarie aan u gesirkuleer word.

Neem kennis dat die President en Bestuur tans besig is om reëls vir die skietkompetisies te formuleer, die voorgestelde reëls sal saam met die Notule en Agenda aan u gestuur word.

Indien u enige punte op die Agenda wil plaas, kan u dit skriftelik aan die kantoor stuur voor 12 Januarie 2016.

*Die Bestuur wil van die geleentheid gebruik maak om u en u familie 'n Geseënde Feesgety en 'n Voorspoedige 2016 toe te wens.*

BWAV groete

Daleen Rautenbach



## NUWE LEDE

***Baie welkom aan die volgende lede wat in die laaste kwartaal by ons aangesluit het.***

**LIZETTE BOTHA – B117**

**WERNER SLIER – B154**

**THEUNS JOUBERT – B163**

**STEFAN HURTER – B187**

**TOMMY VAN DEN HEEVER – B220**

**ROBERT MEYER – B247**

**RENIER BOTES – B257**

## *Lief en Leed*

Mnr Nico Jordaan is oorlede aan 'n hartaanval. Al ons simpatie en meegevoel aan die Jordaan familie.

Mnr Christo Nel het 'n hartomlyding operasie ondergaan en sterk tans tuis aan. Ons wens hom 'n spoedige herstel toe.

## SPANSKIET VAN 21 NOVEMBER 2015:

Op 21 November 2015 was daar 'n miernes van bedrywighede op Masada Skietbaan. Die spanne was al vroeg op die baan en om 08h00 het die eerste skote geklap.

Die resultaat was soos volg:

1ste plek: **Du Plessies span (595 punte)**

- Carl du Plessis (Snr)
- Philip du Plessis
- Carl du Plesis (Jnr)
- Nelia du Plessis

2de plek: **Familie span (520 punte)**

- Louw Pretorius
- Tjaart Booyens
- Marina Booyens
- Louis Booyens

3de plek: **Waverley span (510 punte)**

- Ben Botha
- Lindi Botha
- Bennie Smit
- Carli Botha

Baie geluk aan die spanne!!

# PRESTIGE AAND – 20 NOVEMBER 2015

Op 20 November 2015 het die BWAV lede erkenning ontvang vir hulle skiet vernuf en deelname aan die BWAV aktiwiteite. Die funksie het plaasgevind te Euphoria Golf Estate and Hydro. Soos elke jaar het die dames pragtig gelyk en was die funksie 'n reuse sukses.

Baie geluk aan die volgende lede:

**TROFEE TOEKENNINGS**

| WISSEL TROFEE: | VIR: | VAN & VOORLETTERS: |
|---|---|---|
| Jan Bondesio Trofee | **Beste Bosveld Skut** | **PIETER BOTES** |
| Fred Earle Trofee | **Beste Vlakte skut** | **FRED EARLE** |
| Theron Wessels Trofee | **Beste Prestige skut** | **MIKE DU PLESSIS** |
| Panorama Gastehuis Trofee | **Beste Dames skut** | **GRETCHEN DU PLESSIS** |
| Anton Venter Trofee | **Beste Senior skut** | **TOKKIE KRÜGER** |
| Louw Joubert Trofee | **Victor Ludorum** | **TOKKIE KRÜGER** |
| Dawie Fourie Trofee | **Meriete Trofee** | **NEELS MALAN** |
| Frikkie van Staden Trofee | **Spanskiet - 2014** | **MARTIENS VAN STADEN** |
| | | **TOKKIE KRÜGER** |
| | | **PIETER SWANEPOEL** |
| | | **NICO KRUGER** |
| Martiens van Staden Trofee | **.22 Kompetisie** | **FRIKKIE VAN STADEN** |
| | | **JOHAN SNYMAN** |
| Spesiale erkenning | **Bosveld skiet** | **GRETCHEN DU PLESSIS** |

**BALKIE TOEKENNINGS:**

| VAN & NAAM: | LID NR: | BOSVELD: | VLAKTE: | PRESTIGE: |
|---|---|---|---|---|
| AUKEMA, ALBERT | B031 | **SILWER** | | |
| BOSCH, FRITZ | GAS | **SILWER** | | |
| BOTES, PIETER | B014 | **GOUD** | **BRONS** | |
| BOTHA, BEN | B142 | **SILWER** | | |
| BOTHMA, RIAAN | S009 | **GOUD** | **BRONS** | |
| BYRNE, TONY | B285 | | **GOUD** | **BRONS** |
| DU PLESSIS, GRETCHEN | B349 | **GOUD** | | |
| DU PLESSIS, MIKE | B234 | **GOUD** | **BRONS** | **SILWER** |
| DU PLESSIS, PHILLIP | B340 | **BRONS** | | |
| DU PREEZ, TOK | B083 | **SILWER** | | |
| EARLE, FRED | S006 | **BRONS** | **GOUD** | **BRONS** |
| EBERSÖHN, HARRY | B040 | | **SILWER** | |
| GEYSER, FRIK | B364 | | | **BRONS** |
| HONIBALL, LOUISE | S008 | **BRONS** | | |
| KRUGER, ELBIE | B401 | **BRONS** | **BRONS** | |
| KRÜGER, TOKKIE | B078 | **SILWER** | **GOUD** | **SILWER** |
| ODENDAAL, SCHALK | B344 | | | **BRONS** |
| PRETORIUS, JOHANN (JNR) | B199 | **GOUD** | | |
| PUTTER, PHILLIP (JNR) | B283 | | **BRONS** | |
| SWANEPOEL, PIETER | B037 | **GOUD** | **BRONS** | |
| YOUNG, JAN | B336 | | | **BRONS** |

**<u>BOBAAS SKUTS:</u>**

| **<u>VAN & NAAM:</u>** | **<u>LID NR:</u>** |
|---|---|
| FRED EARLE | S006 |
| PIETER BOTES | B014 |
| TOKKIE KRÜGER | B076 |

**<u>VERSAMELAARS</u>**

**<u>DEELNAME VIR 2015:</u>** -

**<u>SERTIFIKAAT TOEKENNINGS:</u>**

| **<u>VAN & NAAM:</u>** | **<u>LID NR:</u>** |
|---|---|
| BRESLER, CHARLES | B158 |
| KLOPPERS, JOHAN | B256 |
| MOSTERT, JOHANN | B205 |
| SCHEFFER, FRANCOIS | B101 |
| SCHUTTE, CHRIS | B191 |
| SNYMAN, JOHAN | B271 |
| SPANIO, JAPIE | B038 |
| VAN DER MERWE, JAN | B371 |
| VAN ROOYEN, CHARL | B250 |
| WEILBACH, COEN | B290 |
| WHITE, CHARLES | B056 |

## <u>BOODSKAP VAN DIE PRESIDENT.</u>

2015, Is ‘n jaar wat weereens verby gevlieg het. Misdaad, droogtes en ‘n uiters swak Suid-Afrikaanse ekonomie knou ons almal en voeg daarby, onverantwoordelike politieke uitsprake wat ons almal raak en net ontstel.

Korrupsie het blykbaar nou ons nasionale sport geword en blykbaar is uiters swak, indien enige, dienslewering ‘n aanvaarbare praktyk.

Dit is nie al treurmare wat ons as landsburgers beleef nie, maar het ons as Vereniging en vuurwapen-entoesiaste, jagters en versamelaars, nog steeds te doene met ‘n felle aanslag van die “anties”. Voorvalle soos die leeu-jag in Zimbabwe, geblikte leeu-jag, die aanjaag van wild na ‘n “jag-lokval,” verleen natuurlik skietgoed aan diegene en organisasies wat “anti-vuurwapen en anti-jag” is. Moet nie die Regering se soms onnadenkende uitsprake oor ‘n “gunfree” Suid-Afrika onderskat nie.

Dit is uiters kommerwekkend dat die Sentrale Vuurwapen Register nog steeds in chaos verkeer en die hele proses van lisensiëring van vuurwapens drakonies word.

‘n Mens kan nie anders as om die volgehoue pogings van o.a. lede van die Jagters Forum te loof vir wat hulle probeer doen, maar is dié ‘n uiters moeisame berg om uit te klim.

Ek het ‘n baie negatiewe beeld geskep van 2015, en is jammer om te sê dat 2016 myns insiens die patroon van 2015 sal volg.

Nieteenstaande al die negatiwiteit, moet ons teen ‘n gevoel van “oorgee” waak. Tweedens moet ons onbeskroomd vir ons regte baklei tot die spreekwoordelike laaste druppel bloed. Derdens moet ons pro-aktief optree deur ons eie huis in orde te hou, Wetsvoorskrifte stiptelik na te kom en ten alle tye eties te jag. Vierdens sal dit die taak van alle geakkrediteerde vuurwapen verenigings wees om die wêreld te oortuig dat ons, die vuurwapen liefhebbers, jagters en versamelaars, nie kriminele is nie maar onlosmaaklik deel vorm van die Natuurbewarings-ketting.

Ek wil graag ‘n beroep doen op al ons lede om die aktiwiteite wat die BWAV aanbied, met entoesiasme by te woon en te ondersteun. Daardeur kan ons aan die wêreld wys dat ons nie ‘n klompie “malkop vuurwapen eienaars” is nie, maar gerespekteerde en verantwoordelike en wetsgehoorsame landsburgers is.

Graag wens ek en my vrou u almal ‘n baie Geseënde, ongeluks- en misdaadvrye Feesgety toe en mag elkeen slegs voorspoed en guns ervaar in 2016.

Dankie.

PRESIDENT
THERON WESSELS

*<u>Laaste boodskap vir die einde van die jaar.</u>*

*Gister se ou voetspore is wegewaai en toe onder sand. Mag die vars voetspore van vandag en more u lei na ons Hemelse Vader se see van seëninge, strome van liefde, branders van geluk, golwe van heerlikheid in ons Verlosser se vrede. Mag u en u gesin ‘n baie gelukkige en geseënde feestyd vol vreugde ervaar.*

*Baie dankie vir u deelname met ons aktiwiteite in 2015. Ek wil u graag nooi om in 2016 meer BWAV aktiwiteite by te woon en dit te geniet. Die jaarprogram is gelaai met baie geleenthede. Kom ons probeer om dit ‘n uitstaande BWAV jaar te maak.*

*Onthou om die vervaldatum op u vuurwapen lisensies na te gaan en maak seker dat u aansoek doen vir hernuwing* **voor** *die negentig dae vereiste soos deur die Vuurwapen wet bepaal.*

*Vir die van u wat op reis gaan in die feestyd, mag u veilig terugkeer na ‘n welverdiende wegbreek.*

*Chris Schutte.*